higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEORIE VAN POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 3

(8011023)

21 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

Let Wel: Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Laat 'n spasie en trek 'n streep oor die bladsy nadat elke vraag voltooi is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NCSC

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

Kies 'n item uit KOLOM A wat pas by 'n beskrywing in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Vigilantisme	A	'n grondgebied wat deur 'n regering van 'n ander grondgebied regeer word
1.2	Proteïene	B	'n daaglikse lewende dokument wat uiteensit hoe ons ons lewens in 'n grondwetlike demokrasie behoort te lei
1.3	Vitamien B	C	polisiebeamptes behoort dit toe te pas wanneer hulle in 'n situasie verkeer waar hulle die bevoegdheid het om 'n persoon sonder 'n lasbrief in hegtenis te neem
1.4	Die Handves van Regte	D	in Suid-Afrika word dit dikwels verbind met die idee van populêre of informele geregtigheid
1.5	Diskresie	E	die ontwikkeling van kennis, vaardigheid en gesindheid met die doel om dit regstreeks op 'n taak of pos toe te pas
1.6	Insulien	F	jou liggaam gebruik ensieme om dit in aminosure af te breek, wat gebruik word om selle te herstel en nuwes te bou
1.7	Opleiding	G	yster is noodsaaklik om proteïen in jou rooibloedselle te vervaardig, wat suurstof na jou organe, weefsels en selle vervoer
1.8	Kolonie	H	'n hormoon wat jou liggaam produseer om ná 'n maaltyd jou bloedglukose of bloedsuikervlakke te verlaag
1.9	Progressie	I	moedig groei van die rooibloedselle aan wat help om ystertekort te voorkom
1.10	Hemoglobien	J	die hoofbeginsel van intermediêre kardiorespiratoriese opleiding

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Die Suid-Afrikaanse Weermag het gedurende apartheid militêre operasies in die townships uitgevoer. Die Polisie het egter nie hierdie inisiatiewe ondersteun nie.

2.2 Demokrasie is 'n stelsel van verteenwoordigende regering.

2.3 Die vigilantetradisie, in die klassieke sin, verwys na georganiseerde, wettige bewegings wat deur die gewapende magte beheer word.

2.4 'n Vinnige reaksietyd lei in alle gevalle tot die inhegtenisneming van oortreders.

2.5 Deur middel van ware leer stel ons onsself in staat om iets te doen wat ons nog nooit vantevore gedoen het nie; ware leer aktiveer egter nie denke nie.

2.6 Proteïene, koolhidrate en vette verskaf kalorieë en verrig ook ander funksies. Die liggaam gebruik dit in groot hoeveelhede.

2.7 Hoewel vrugte en groente met 'n hoë waterinhoud gesond is, dra hierdie vloeistowwe nie tot die daaglikse totaal by nie.

2.8 Fisieke fiksheidsprogramme is ontwerp om polisiebeamptes aan te moedig om 'n bepaalde fiksheidsvlak te handhaaf, wat hulle in staat stel om die vereiste take deur hul hele loopbaan uit te voer. Dit hou boonop langtermyn-gesondheidsvoordele in.

2.9 Die DRIE-minute traptoets meet jou kardiovaskulêre fiksheidsvlak op grond van hoe vinnig jou hartklop ná oefening na normaal terugkeer.

2.10 Tydens driloefeninge word bevele opgebreek en op 'n sekere manier gegee om dissipline in te skerp.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

vitamien A; vette; sewe; noia; metanoia; effektiwiteit; minerale; opleiding; vyf; onderwys

3.1 Die tyd wat dit vir polisiebeamptes duur om te reageer op 'n oproep om hulp van die gemeenskap word gewoonlik as 'n belangrike maatstaf van polisie... beskou.

3.2 Senge (1994:13) voer aan dat as 'n mens die betekenis van die woord ... begryp, jy die betekenis van die woord 'leer' begryp.

3.3 ... is stowwe wat lewend of organies is, en wat noodsaaklik vir goeie gesondheid is, byvoorbeeld kalsium.

3.4 ... help jou liggaam om infeksie te beveg.

3.5 Die posverwante batterytoets bestaan uit ... gedeeltes.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

Beantwoord AL die vrae.

VRAAG 4

4.1 Die antieke samelewings van Suid-Afrika het altyd die een of ander vorm van polisiëring gehad.

Noem VIER pligte van die eerste polisiëringeenhede. (4)

4.2 Noem TWEE ooreenkomste tussen die gekoloniseerde vorm van polisiëring en die antieke vorm van polisiëring.

Aantekening aan leerder: Jy moet jou antwoord tabelleer deur die volgende tabel te gebruik.

Gekoloniseerde vorm van polisiëring	**Antieke vorm van polisiëring**

(4)

4.3 Apartheid het 'n baie negatiewe betekenis vir die meerderheid Suid-Afrikaners gehad.

Noem enige DRIE maniere waarop dit mense se lewens geraak het. (3)

Kopiereg voorbehou

4.4 Die Grondwet bevat die Handves van Regte.

4.4.1 Wat is die waarde van die Handves van Regte? (1)

4.4.2 Noem enige TWEE handelinge wat die staat volgens die Handves van Regte dwing om op te tree. (2)

4.5 Verskillende soorte organisatoriese planne kan geïdentifiseer word:

4.5.1 Strategiese planne is leidinggewende planne.

Noem enige DRIE punte wat deur strategiese planne aangeroer word. (3)

4.5.2 Taktiese planne is meer spesifiek as strategiese planne.

Verduidelik kortliks DRIE kenmerke van taktiese planne. (3)

4.6 Strategiese beheer vind plaas by die toppunt van die organisasie en hou met bepaalde kwessies verband.

Noem TWEE van hierdie kwessies. (2)

4.7 Verduidelik kortliks die term 'makrovoedingstowwe'. (1)

4.8 Gee TWEE voorbeelde van makrovoedingstowwe. (2)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 5

Lees die volgende paragraaf en beantwoord daarna die vrae.

Die minister van polisie, Fikile Mbalula, het kennis geneem van gerugte wat die ronde doen in die sosiale media, dat 'n plan geprakseer is om die dood van 'n misdadiger, Sandile Bhengu, te wreek. Minister Mbalula wil die inwoners van Umlazi gerusstel dat dreigemente om meer misdaad te pleeg, soos die doodmaak van polisiebeamptes, nie geduld sal word nie.

'Misdadigers sal nooit ons gemeenskappe regeer nie. Ons is steeds 'n grondwetlike demokrasie, en diegene wat dit waag om die staat se gesag uit te daag deur die polisie uit te daag, moet weet dat die polisie alles in hul vermoë sal doen om reg en orde binne die grense van die reg te handhaaf,' het minister Mbalula gesê. Minister Mbalula is volledig ingelig oor 'n 43-jarige man wat gister buite die Umlazi- 'L'-gemeenskapsaal in hegtenis geneem is, waar die gedenkdiens vir Sandile Bhengu plaasgevind het. Die verdagte word aan 'n aantal kontanttransitorooftogte en ander rooftogte gekoppel.

Media Centre SAPS: 7 September 2017

Kopiereg voorbehou

VERKLARING

Die bestuur van die polisiekantoor in Umlazi het met 'n ernstige situasie te kampe. 'n Taakspan is saamgestel om die veiligheid van alle gemeenskaplede te verseker, en het jou hulp nodig. Die bestuur versoek jou om op die volgende vrae te antwoord:

5.1 Minister Mbalula het verklaar: 'Ons is steeds 'n grondwetlike demokrasie.'

Verduidelik kortliks die betekenis van demokrasie. (3)

5.2 'Die polisie sal alles in hul vermoë doen om reg en orde binne die grense van die reg te handhaaf.'

5.2.1 Definieer *wetstoepassing* en gee 'n voorbeeld van die konsep. (3)

5.2.2 Definieer *uitvoering van die reg* en gee 'n voorbeeld van die konsep. (3)

5.3 'Die polisie bly aanspreeklik vir hul handelinge.'

Som op hoe polisie-aanspreeklikheid gemeet kan word. (3)

5.4 Hoewel die situasie gespanne is, word polisielede opgelei om in dien nodig geweld te gebruik.

5.4.1 Noem TWEE gevalle waarin die polisie geweld regmatig kan gebruik. (2)

5.4.2 Gee 'n verduideliking van die minimumgeweld-reël. (2)

5.5 Die 43-jarige verdagte wat tydens die gedenkdiens in hegtenis geneem is, het bepaalde regte met betrekking tot Hoofstuk 2 van die grondwet.

Noem SES van hierdie regte. (6)

5.6 Gee DRIE vlakke van geweld. (3)

5.7 As gevolg van die bedreigings wat die gemeenskap ervaar moet die stasiebevelvoerder van Umlazi SAPD beplanning doen.

5.7.1 Gee TWEE tipes beplanning waarop die stasiebevelvoerder moet fokus. (2)

5.7.2 Tydens die beplanningsproses is daar sekere punte wat in ag geneem moet word.

Verduidelik kortliks DRIE van hierdie punte. (3)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

Kies slegs EEN van die volgende vrae om te beantwoord.

VRAAG 6

Volgens Lab (2010:213–215) sluit die onderskeie definisies van gemeenskaps-polisiëring oor die algemeen verskeie noodsaaklike kenmerke in.

Noem hierdie kenmerke en verduidelik elkeen. **[20]**

OF

VRAAG 7

Die polisiediens bestaan uit baie bestuursvlakke. Leierskap is egter net so belangrik wat jong rekrute betref. Leierskap en bestuur verskil in sekere opsigte. Charlton (2000:55–56) het die verskille tussen tradisionele bestuur en leierskap uiteengesit.

Teken en voltooi die volgende tabel in jou ANTWOORDBOEK om die verskille te toon. **[20]**

KATEGORIE	TRADISIONELE BESTUUR	LEIERSKAP

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou